

SARS vier sy silwer jubileum

Tshwane, 14 Oktober 2022 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) vier vandag sy 25ste herdenking na sy amptelike stigting op 1 Oktober 1997. Die heuglike geleentheid sal deur President Cyril Ramaphosa toegesprek word.

SARS is gevorm deur die samesmelting van die geskeide inkomstediens van die apartheidgebaseerde Bantoeestans, asook die departemente van binnelandse inkomste en doeane afsonderlik. Volgens wet is SARS 'n administratiewe outonome orgaan van die staat binne die publieke administrasie, en 'n instansie buite die publieke diens. Die SARS-wet gee mandaat aan die organisasie om:

- Alle verskuldige inkomste in te vorder.
- Optimale nakoming van belasting-, doeane- en aksynswetgewing te verseker.
- 'n Doeane- en aksynsdiens te lewer wat regmatige handeldryf fasiliteer, asook ons ekonomie en samelewing te beskerm.

SARS moet ook advies verskaf aan die ministers van finansies en van handel en industrie oor belasting- en doeanesake.

Vanaf sy intreding, is SARS gelei deur 'n fundamentele beginsel naamlik die hoër doelwit, wat nou gekoppel is aan sy mandaat. Die beginsel beteken eenvoudig dat SARS, en almal wat daar werk, inkomste invorder om die regering te help om 'n bekwame staat te bou om volhoubare ekonomiese ontwikkeling te koester wat die welstand van Suid-Afrikaners bevorder.

Sedert sy intreding in 1997, het SARS oor die jare nagenoeg R18 triljoen ingevorder, om sy hoër doelwit in werking te stel. Die regering is in staat gestel om toelaes te betaal vir bejaardes, pleegsorg, gestremdes en ander, asook om basiese goedere en dienste aan die publiek te verskaf.

Dit is deur die invordering van hierdie inkomstes dat miljoene skoolkinders skool bywoon, hospitale funksioneer en medikasie aangekoop word. Die nasionale finansiële hulpskema vir studente (NSFAS) verseker dat akademiese verdienstelike matrikulante uit arm huishoudings tersiêre instansies kan bywoon.

Die covid-19-pandemie het 'n ramspoedige impak gehad op lewens en lewenslustigheid. Meer as R70 miljard in belastingverligting is aan werkgewers en werknemers toegestaan om werksverliese te voorkom. Die maandelikse R350 maatskaplike noodverligtingstoelae het letterlik miljoene mense van armoede gered.

'n Bedrag van R1.6 triljoen, wat teen einde Maart 2022 ingevorder is, verteenwoordig meer as 9.9% saamgestelde jaarlikse groei teenoor die bedrag wat SARS in 1996/97 ingevorder het - R147 miljard.

Die bereiking van die bogenoemde is as gevolg van geen klein mate van passie, toegewyding en fokus deur SARS se personeel wat die hoër doelwit uitleef sodat ons ons nasie kan bou nie. Dit wys ook dat SARS 'n lewensbelangrike instansie van die land se demokrasie is, en lewende testament dat 'n regeringsinstansie 'n wêreldklas organisasie kan word wat sy mandaat gestand doen op 'n vaartbelyne, effektiewe manier.

SARS volhard in sy transformasie van 'n organisasie wat miljoene belastingopgawes, van minstens 12 bladsye, gedruk het wat aan belastingpligtiges gepos is. Hierdie opgawes, tesame met miljoene stukke stuwende dokumente, is teruggestuur en op hele vloere van menige geboue regoor die land gestoor. Vandag is dit hoofsaaklik papierloos, datagedrewe en meesal gedigitaliseer en gesofistikeerd.

'n Deurslaggewende moderniseringsreis het die organisasie sien wegbeweeg van hierdie ongerekenariseerde en papiergebaseerde prosesse, na 'n elektroniese en gedigitaliseerde organisasie wat tegnologie gebruik om met belastingpligtiges en handelaars te skakel - daarop gemik om beste diens te lewer deur geen diens nie.

SARS volhou in sy strewe om 'n slim, moderne instansie te wees met onbetwisbare integriteit, vertrouwd en bewonder, wat diens lewer sonder aansien des persoons of vooroordeel.

SARS, soos ander regeringsinstansies, het pogings beleef om dit te misbruik vir korrupte doelstellings deur politiek-verbonde individue. Dit het 'n aansienlike verlies aan talent gely, marginalisering van personeel, totale ineenstorting van bestuur, asook 'n verlies aan vertroue van burgers. Die kommissie van ondersoek, wat deur Regter Nugent gelei is, het SARS gehelp om verdere agteruitgang te stuit.

SARS werk hard daaraan om helderheid en sekerheid te verskaf aan belastingpligtiges en handelaars om hul wetlike verpligtinge na te kom. Sy strategiese oogmerk is om 'n kultuur van vrywillige nakoming te koester wat vereis dat belastingpligtiges en handelaars registreer vir belasting- of doeane-doeleindes, opgawes indien wat waar en betyds is, en die verskuldige belasting volledig teen die sperdatum betaal. Verdere bystand word verskaf deur uitgestrekte belastingpligtige-onderrigprogramme om belastingpligtiges en handelaars te lei.

SARS gebruik datateorie, kunsmatige intelligensie en tegnologiese instaatstelling om dit maklik en eenvoudig te maak vir alle belastingpligtiges en handelaars om hul wetlike verpligtinge na te kom. Die instansie hou vol om sy vermoëns te delf om gevalle van nienakoming na te spoor en daarop te reageer. Ons maak dit duur en moeilik vir sodange belastingpligtiges en handelaars wat willens en wetens kies om nienakomend te wees en om aan kriminele aktiwiteite deel te neem. Ingevolge wêreldneigings, het SARS toegang tot data plaaslik en regoor die wêreld om die

organisasie se pogings te steun om nienakomende belastingpligtiges en kriminele sindikate na te speur en teen hulle op te tree om dit te bekamp.

Met sy 25-jaar reis, is SARS dankbaar vir die vrygewige hulp wat dit van die Sweedse belasting- en doeane-owerheid, die Australiese en Kanadese inkomste-owerhede, die Departement van Internasionale Ontwikkel, en Haar Majesteit se inkomste en doeane ontvang het.

Kommissaris Kieswetter het gesê: "In die volgende 25 jaar voorsien ons 'n situasie waar "belasting net gebeur". Die vooruitsig is dat SARS 'n eksponensiële toename sal sien in die gebruik van gestruktureerde data van derdepartybronne, binnelands en internasionaal, asook die oes van data en insigte van ongestruktureerde bronne. Deur die gebruik van datateorie, masjien-aangeleerde algoritmes en kunsmatige intelligensie, sal belastingpligtiges in regte-tyd aangeslaan kan word. Ons Visie 2024 van 'n "slim, moderne SARS", strewe daarna om die fondasie te lê vir die volgende generasie van belastingadministrasie in 'n wêreld waar besigheidsmodelle al hoe meer digitaal word, waardekettings gevirtualiseer is en fisiese teenwoordigheid, as die primêre verband tot die vasstelling van belastingregte, vervang word deur ekonomiese teenwoordigheid."

Met die geleentheid van die silwer jubileum, is dit gehoor om die sukses te vier van hierdie belangrike instansie, wat strewe om die lewens van Suid-Afrikaners te verbeter, deur ons dankbaarheid uit te spreek teenoor miljoene nakomende belastingpligtiges en handelaars wat dit moontlik maak om die hoër doelwit te bereik.

Gelukkige 25ste herdenking aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.